

## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

<b>Vandag:</b>	Rozanne Kruger, Amanda Paxton, Marie van den Heever
<b>Maandag:</b>	Tiaan Booysen, Anita Fourie, Gilliam Olwage, Jacques van Wyk.
<b>Dinsdag:</b>	Carien Rossouw, Isabeau Scheffer.
<b>Woensdag:</b>	Leah Engelbrecht, Adri Smidt, Kallie Steenkamp, Christel Veldman.
<b>Donderdag:</b>	Lizelle Botha, Johan Bredell, Allen Morgan.
<b>Vrydag:</b>	Edith Oosthuizen

### Die Bybel in Elektroniese formaat

Dit is amper skoolvakansie! 'n Maklike manier om die Bybel met jou saam te neem, is om seker te maak dis op jou foon of jou rekenaar. Op die **YouVersion** toepassing / app het jy



toegang tot talle Afrikaanse en Engelse vertalings. Dan is daar ook die selfoon-toepassing / app van die Bybelgenootskap, wat vir jou die 1953, 1983, 2020 Afrikaanse vertalings van die Bybel bied.

Die 2020 vertaling is ook op die internet beskikbaar by <https://biblesa.co.za>. Dit het ook 'n soekfunksie wat soos 'n konkordansie (indeks) funksioneer.



YouVersion



Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing.  
**B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens  
**D**ankoffer vir maandelikse dankoffer

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za  
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za  
**Kerkkantoor:** Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00  
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za  
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51  
**Webblad:** www.nghottentotsholland.co.za  
**Direkte Erediens-uitsendings:** <http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH/>  
**YouTube adres:** <https://youtube.com/channel/UC6L00Ch0mvcwrmqk1iWULA>



## FAMILIENUUS

SONDAG 19 JUNIE 2022

### BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

Vandag is deel van 'n langnaweek en binnekort is dit skoolvakansie. Boonop is ons in die hartjie van die winter, en is 09:00 nog somer vroeg in die oggend. Diegene wat wel tuis is gedurende die langnaweek en skoolvakansie word met 'n *warme uitnodiging* aangemoedig om moeite te doen om die eredienste in die kerkgebou te kom bywoon. Jou teenwoordigheid is ook vir die ander mense, wat wel daar is, 'n aanmoediging.

Dit is elke keer só lekker om saam met mekaar die Here eer!!


### VANDAG SE EREDIENS

**09:00:** HENNIE FOUCHE

**SKRIFLESING:** 2 KORINTIËRS 1:3 - 11

**TEMA:** DIÉ S(S)EUN BEMOEDIG RÉGTIG

## AAN AL DIE VADERFIGURE IN ONS LEWENS: DANKIE DAT JULLE SO BAIE BALLE IN DIE LUG HOU OM VIR ONS DIE BESTE IN DIE LEWE TE GEE



### DEUROFFERS:

Instituut vir Blindes

Die Instituut vir die blindes was op 15 Junie 141 jaar oud. Hier word tans 286 siggestremde inwoners in tehuise en 27 gesinne in ondersteunende behuising versorg.

**Volgende week:** Gemeenteontwikkeling

# Ons bid vir mekaar

- ♦ Baie mense wat in die volgende weke met vakansie gaan en hulle op ons land se paaie gaan bevind.
- ♦ Mense sonder werk en in finansiële nood.
- ♦ Mense wat siek en hartseer en bekommerd is - én ook vir hulle familieledede wat hulle ondersteun.
- ♦ Taxibestuurders - en diegene wat elke dag van taxi vervoer gebruik maak.
- ♦ Dat ons nie op die omstandighede in ons land sal reageer nie, maar dat ons die vrede en die liefde en genade van die Here sal uitleef en uitdeel.

## My Dankoffer met 'n Debietorder

Een van die maniere om jou dankoffer oor te betaal, is met 'n debietorder. Neem 'n vorm in die voorportaal, of vra dat so 'n vorm vir jou per e-pos gestuur word, of kom vul dit by die kantoor in (ons sal jou daarmee help). Hierdie vorm is ook op ons webblad beskikbaar ([www.nghottentotsholland.co.za](http://www.nghottentotsholland.co.za) - sien by "Bronne")

## Wat ons is, is net genade; Wat ons het, is net geleen Dankbaar vir Erfiating

Ons gemeente is nederig en opreg dankbaar dat ons onlangs 'n bedrag geld ontvang het wat lidmate in hul boedel aan die gemeente nagelaat het. Dit is nie die eerste keer wat lidmate op hierdie manier hulle liefde en lojaliteit aan die gemeente getoon het nie. 'n Paar jaar gelede het ons ook 'n erfliating ontvang, en is dit gebruik om ons in staat te stel om ons eredienste te stroom na die aftreëorde en ander mense wat daarby wil inskakel. Sodoende was ons gereed om voort te gaan met ons eredienste toe in inperking ons verplig het om die kerkgebou vir 'n tydperk te sluit. Vóór dit was daar ook ander erfliatings.

Ons dank die Here dat Hy ook op hierdie manier vir ons gemeente sorg - en bid dat ons die wysheid ontvang om dit reg te gebruik. Aan die Here kom toe al die lof en al die dank en al die aanbidding.

## Bybelgesprek - elke Woensdag 08:45-09:45 - Familiekamer

### Ek glo in die Heilige Gees

Ons het toe nie ons gesprek oor die **gawes van die Gees** afgehandel die afgelope week nie, en gaan eerskomende Woensdag daarmee voort. Ons gaan gesels oor die vraag waarop *spreek in tale* vir sommige mense dié bewys van Geesvervuldheid geraak het. En ons sluit die gesprek af deur te gesels oor die *sonde teen die Heilige Gees*.

Al is dit die laaste gesprek oor hierdie onderwerp, en al was jy nie by die vorige gesprekke teenwoordig nie, is jy baie welkom eerskomende Woensdag.

## Liefde na Buite

Arbeidsbediening is 'n aksie wat reeds in 1897 ontstaan het - om die evangelie *in die werkplek* aan mense te bring. In die Helderbergkom word hierdie bediening tans deur 23 vrywillige werkers bedryf en word 33 besighede op 'n gereelde basis besoek. Sowat 220 mense word tydens een rondte bereik. Gedurende die inperkingstyd is daar ook begin om boodskappe per e-pos na sekere besighede te stuur.

Wil jy nie betrokke raak om die Goeie Nuus weekliks aan mense van een besigheid te bring nie?

Wil jy nie jou jou personeel die geleentheid gee om een maal per week / maand vir 'n paar minute na 'n geestelike boodskap te luister nie?

Kontak vir: At (083 776 5908); Cecile (074 055 5062); Hennie (082 859 5646)



## Arbeidsbediening

## Rolstoel, Loophulp, stortstoel te leen

Die gemeente beskik oor 'n rolstoel, loopraam, stortstoel, krukke wat ons graag uitleen aan mense wat so iets vir 'n korter tyd nodig het. Maak gerus gebruik daarvan.

Baie dankie aan mense wat hierdie diens moontlik gemaak het deur die toerusting, wat hulle vir familieledede gekoop het, op hierdie manier beskikbaar gestel het.